# G1 - God is vir ewig/alomteenwoordig/alwetend

**Doel van les:**

- In hierdie week se les leer ons 'n klompie eienskappe van God naamlik dat Hy ewig, alomteenwoordig, en alwetend.

**Ysbrekers:**

- **Begin en einde:** Laat al die kinders aan een kant van die saal gaan staan. Laat hulle nou loop na die ander kant van die saal.

**Vra:** Het die saal 'n begin en einde? Ja dit het.

- **Sirkel stap:** Laat die kinders nou 'n groot sirkel maak in hulle groepe. Nou moet hulle in die ronde stap in die sirkel.

**Vra:** Het die sirkel 'n begin en einde? Nee, dit het nie.

Net so het God nie 'n begin of einde nie. Hy was voor die aarde gemaak het daar en sal vir altyd God wees.

- **Servet blaas:** Gee vir elke groep 'n servet. Hulle moet die servet in die lug hou deur dit net te blaas.

**Vra:** Kan julle julle asems sien? Nee, maar ons kan sien wat ons asems doen.

Net so kan ons nie God sien nie, maar ons kan weet Hy is oral en sien alles raak.

- Hare tel: Laat die kinders in pare opdeel. Hulle moet die hare op mekaar se koppe tel. Gee so minuut tyd.
- Gee vir elke groep 'n koppie met sand. Hulle moet elke korreltjie probeer tel. Hulle sal nie kan nie.

**Vra:** Wie kon als getel kry? Niemand nie?

**Lukas 12:7a sê: Selfs die hare op julle kop is almal getel.**

God is alwetend wat beteken dat Hy alles weet. Ons mag dalk nie weet hoeveel hare op iemand se kop is nie, maar soos julle uit die Bybel gehoor het, God weet.

Ek hoop dat julle saam met my stem dat ons God 'n awesome God is.

Sluit af in groepe met gebed.